



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325



Die laaste sê hê

JESAJA 43:1-4



4 OKTOBER 2026



09:00 @ HOOGLAND

Baie Welkom by vanoggend se erediens!

Hoe lekker om jou en jou gesin vandag hier by Hoogland te verwelkom.

Is jy vandag 'n besoeker, of het jy onlangs by Hoogland aangesluit? Kom sê gerus hallo by die **info@PEHoogland-tafel** in die voorportaal en geniet ná die erediens 'n lekker koppie koffie saam met ons.

Die leraar(s) wil jou (en jou gesin) ook baie graag ontmoet!

Wil jy meer weet of graag 'n lidmaat word?

Besoek gerus www.pehoogland.co.za → Ek wil → Lidmaat word, stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325, neem 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies of kontak vir Annalize in die kerkkantoor.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens

Vanoggend doop Hoogland vir *Finn Landsberg Jeppe*, seuntjie van Edwin & Michelle.

GEEN GVG: Skoolvakansie

Deurkollekte: Sin. Jeugbediening

Algemeen

Program vir die week:

Dinsdag: 6 Oktober - SKOLE OPEN

11:00 Gebedsaksie in die Kapel

Woensdag: 7 Oktober

8:45 B/fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 8 Oktober

18:00 Doopkursus

Vrydag: 9 Oktober

5:15 Mannebediening

Saterdag: 10 Oktober

10:00 Dorings & Daisies



Snap here to pay

SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005



Zapper

Ds. Pieter kamp hierdie naweek saam met die Gr. 10 & 11 GVG-groepe en mentors by Eersterivier.

Hoogland wens hulle 'n heerlike naweek saam toe en bid dat dit vir elke jongmens 'n besondere en kosbare geloofservaring sal wees.

Matrieks 2026

JY IS UITGENOOI!



SONDAG
11 OKTOBER 2026



OM 09:00

... ons bid vir jou en saam met jou ♥

Groot drome
Begin hier ♥

HOOGLAND
SAME · GLO · BID · GROEI

Die Matriekeindeksamen lê voor – niemand hoef dié pad alleen te stap nie. Neem gerus 'n Matrikulant aan en stap vir die duur van die eksamen die pad saam met hom/haar. Hou kontak, bid saam, bemoedig en verras hulle dalk selfs met iets lekkers vir die ure se leer. Name en kontaknommers van Matrikulante is by die info@PEHoogland-tafel beskikbaar.

Hoogland bedieninge ...



Doopkursus @HOOGLAND

Ouers & Voornemende ouers

Indien ouers by Hoogland wil doop, of
êrens van voorneme is om hul baba
hier te kom doop, is 'n 4-weke
doopkursus 'n vereiste.



Volgende Doopkursus is:

8, 15, 22, 29 Oktober

.... en daarna eers weer Februarie 2027

Bespreek by **Leandra** in die kerkkantoor:

- Skakel - 041 367 1485
- Epos - leandra@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325



Hoogland HOSPITAAL BEDIENING ... wil kom kuier

Word jy of 'n geliefde of selfs 'n
vriend(in) dalk binnekort in die
hospitaal opgeneem?



"Ek was siek, en julle het
na My kom omsien."

MATTEUS 25:36

Ons dink
aan jou
❤️



ONS KOM KUIER
'n Vriendelike besoek &
bemoediging



ONS BID SAAM
Gebed bring hoop,
vrede en genesing



ONS IS BY JOU
Jy is nie alleen nie -
ons gee om



Laat weet asseblief die Kerkkantoor of stuur 'n
WhatsApp na
079 815 9325
sodat die hospitaalspan
jou of jou geliefde kan kom besoek. ❤️



Besoek. Bemoedig. Bid.



HOOGLAND
MANNE

KOM SAAM kuier!



ELKE
VRYDAG
05:15



HOOGLAND
JEUGLOKAAL
KOM NET INSKAKEL!



LEKKER KOFFIE
GOEIE MENSE
GOD SE WOORD

Jy is WELKOM!

'n Tyd vir manne om
saam te kuier, te groei
en mekaar te bemoedig
deur God se Woord.

BRING JOUSELF. BRING 'N VRIEND.

Kom wees deel!

STERK MANS. STERKER SAAM. IN CHRISTUS.

HET JY GEBED nodig?

Hoogland Gebedsaksie



**Bid elke Dinsdag
om 11:00 in die Gebedskapel**

Enige persoon is welkom om
saam in te skakel en saam te bid ...



Gebedsverseoeke kan enige tyd
hoogs vertroulik per
WhatsApp gestuur word na
079 815 9325



AS jy deel wil word van die Gebedsaksie
WhatsApp groep stuur asseblief
GEBED en jou naam na
079 815 9325
en jy sal deel gemaak word om
op so manier saam te bid ...



Moenie oor iets besorg
wees nie,
maar maak in alles
deur gebed en smeking
met danksegging julle
verseoeke aan God bekend.

Fillippense 4:6

Saam bid ons. Saam dra ons mekaar. Saam vertrou ons op God. ❤️

BRUCE WILKINSON

What on Earth Is God Doing in My Life?

NUWE BYBELSTUDIE

Geleentheid



Begin

**Dinsdag
13 Oktober**

Laaste Dinsdag is 8 Desember



Oggendsessie

09:30



Aandsessie

18:00



Plek

Hoogland Voorhuis



Indien jy belangstel om hierdie Bybelstudie te doen,
kontak Caroline by **061 451 1402**
of stuur 'n WhatsApp na **079 815 9325**
met **BYBELSTUDIE** & Jou naam EN ook
verkies jy oggend- of aandsessie.



Besprek

teen 5 Oktober

om materiaal betyds te bestel.



Kostes

Boekie R55

Uit die hart...

Ons dra elke dag meer woorde saam met ons as wat ons besef. Party van daardie woorde is lig en mooi. Iemand sê: "Ek is trots op jou." 'n Kind roep: "Mamma!" Iemand bedank jou vir iets wat jy gedoen het. Sulke woorde is vir ons kosbaar, maar daar is ook ander woorde wat onverwags bly vassteek. Soms lank nadat die oomblik self al verby is.

Dit kan 'n opmerking wees wat iemand jare gelede gemaak het, 'n kritiese sin wat jy nie kan vergeet nie of iets wat verkeerd geloop het en wat jy later oor jouself begin glo het. Soms is dit nie eens iemand anders se stem nie. Soms is dit ons eie: "Ek moes beter geweet het." "Ek is nie goed genoeg nie." "Ek gaan dit weer verkeerd kry." Die vreemde ding is dat 'n mens 'n sin lank genoeg kan hoor totdat dit begin voel asof dit die waarheid oor jou is.

Die Bybel is opvallend eerlik oor mense se verhale. Dit probeer nie hulle mislukings, vrese of gebrokenheid wegsteek nie. God se genade werk nie deur te maak asof moeilike dinge nie bestaan nie, maar die Bybel herinner ons telkens daaraan dat wat met 'n mens gebeur het, wat oor 'n mens gesê is of selfs wat jy oor jouself begin glo het, nooit die hele waarheid oor jou vertel nie.

Dit laat my wonder: Watter stem luister ek die meeste na? Nie bloot: Watter stem is die hardste nie? Maar: Watter stem kry die meeste gesag in my lewe? Want daar is 'n verskil tussen om eerlik te erken wat verkeerd, seer of gebroke is en om dit toe te laat om my hele identiteit te word.

Miskien is dit vandag genoeg om vir 'n oomblik stil te word en te bid: Here, tussen al die stemme wat oor my praat, help my om U stem weer te hoor. Nie 'n stem wat voorgee dat alles maklik is nie, maar die stem van die Een wat my volledig ken, my hele verhaal sien en my steeds nader roep.

Ds Sunell